

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 16

10 Mei 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Janke-Marie en Danielle Vermaak in onderskeidelike grade 4D en 1W en hul familie met die heengaan van hul oupa gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

MOEDERSDAG (12 Mei)
Gelukkige moedersdag aan aan al ons mammas Sondag. Mag julle familie jul bederf vir al die liefde wat hulle deur die jaar ontvang.

LAATKOM VAN LEERLINGE
Ons het die afgelope tyd waargeneem dat al hoe meer leerlinge laat opdaag vir skool. Ons wil u vriendelik versoek om asseblief die leerlinge **betyds voor 07:45 by die skool af te laai**. Dit is ‘n baie belangrike lewensvaardigheid wat leerlinge moet leer om betyds vir alles te wees. Alle leerlinge wat laatkom vir skool se name sal voortaan op ‘n register aangeteken word. As ‘n leerling se naam 3 keer ‘n kwartaal in die register verskyn, sal ons verplig wees om hul name aan die departement van onderwys deur te gee vir opvolgaksies.

JUNIE-EKSAMEN 2019
Die Junie-eksamen begin amptelik Vrydag 24 Mei met die graad 7-leerlinge wat hul eerste vak skryf. Die leerlinge van graad 4 tot graad 7 se werk waaroor hulle eksamen skryf, sal Maandag op die D6-skoolkommunikeerder verskyn. Sorg asseblief dat hulle solank hersiening begin doen. Elke toets of taak is nou belangrik en hulle sal definitief skouer aan die wiel moet sit!

Graag wil ons almal alle voorspoed met die Junie-eksamen toewens. Mag elke leerling die resultate kry wat hy/sy verdien. Indien ‘n leerling gedurende die eksamen afwesig is, **moet hulle ‘n doktersertifikaat verskaf**, anders kry hulle nul vir die vraestel wat geskryf word.

SKOOLTYE VANAF 27 MEI – 7 JUNIE 2019
Neem asb. kennis dat die skool vanaf **27 Mei tot en met 6 Junie om 13:00** sal verdaag. **Die skool sluit egter Vrydag 31 Mei en 7 Junie die normale tyd van 12:35.** Hierdie tye is van toepassing vir graad R tot graad 7.

TENNIS: MUSIC TRIVIA
Soos u reeds weet, het ons Tennis Music Trivia se datum na Saterdag, 8 Junie om 18:00 vir 18:30 verander en sal steeds in ons skoolsaal plaasvind. Hierdie geleentheid, wat belowe om vol pret en pryse te wees dien as fondsinsameling vir ons jaarlikse tennistoer sowel as ligte en toerusting vir die bane. Meer inligting sal binnekort aan u op ons D6-skoolkommunikeerder sowel as ons Facebook-blad deurgegee word.

KULTUURAAND MET NATASHA JOUBERT: WOENSDAG, 12 JUNIE 2019
Kaartjieverkope vir ons kultuuraand saam met die bekende sangeres, Natasha Joubert, vir Woensdagaand, 12 Junie 2019 in ons skoolsaal is baie goed op dreef en is steeds by Mev. Laas in die kantoor en gasvrouens teen R60 per persoon beskikbaar.

AFHAAL VAN LEERDERS NA SKOOLAKTWITEITE
Ons wil ’n ernstige beroep doen op ons ouers om asseblief leerders so gou moontlik na skool en na ander aktiwiteite te kom afhaal, aangesien die skool dan nie meer verantwoordelikheid kan aanvaar vir die leerders nie. Indien leerders moet wag, stel ons voor dat hulle op die stoep voor die graad 1-klasse wag. Die deel word deur ‘n kamera gemonitor en is heel veilig.

Leerders wie se ouers hulle nie betyds by die sportveld kan afhaal nie, sal deur die afrigters na die skool vergesel word, waar hulle ook op die graad 1-stoep vir hul ouers kan wag. Leerders moet nooit op ’n sypaadjie of waar hulle alleen is, wag nie.

VERLORE KLERE
Al die verlore items sal vanaf Maandag, 13 Mei tot Vrydag 17 Mei in die voorportaal op ’n tafel lê. Ouers moet asseblief kom kyk of u kind se klere nie daar is nie. Alle klere, skoene, ens. wat op Vrydag nog op tafel is, sal dan vir liefdadigheid geskenk word.

SPORT
Ons wil graag die volgende onder die ouers se aandag bring: Vir die A-spanne kies ons die sterkste moontlike span. B-spanne speel op ‘n rotasie-basis om vir elke speler ‘n kans te gee om te speel. Sekere spelers kan dus meer gereeld as ander speel.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n

wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se naam en van verskaf, en bewys na fin@lnpark.co.za e-pos.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal 'n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Mense wie se gees geanker is in die God tot wie hulle bid, se lewensboot kan elke storm oorleef.

Richard M. Milnes

Ons het nie vlerke nodig om God te gaan soek nie. Hy is te sien in elke blom en nuwe blaar wat uitspruit; en oral waar ons in afsondering stil word en Hom ontmoet wat deur Sy Gees in ons woon.

Teresa van Avila

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 13 Mei	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** Netbal: 0/13 A+B teen Parsons Hill **14:30 (w)** Netbal: 0/12 A+B teen Parsons Hill **14:30 (t)** Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00**
Di – 14 Mei	:	Tennis Handhaaf A teen LNP Snr. A **(w)** Tennis Grey/Collegiate E teen LNP Snr. B **(w)** Tennis Charlo teen LNP Jnr. A **(w)** Tennis LNP Jnr. B teen Mount Pleasant B **(t)** Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Skaak: graad 1 – 2 **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7 **14:20 – 15:15**

Wo – 15 Mei : Klerewinkel: **12:00-14:30**
Rugby: 0/13A teen Walmer-Wes **14:30 (w)**
Rugby: 0/11A teen Morewag **14:30 (w)**
Rugby: 0/9A teen Altona **14:30 (w)**

Do – 16 Mei : **Mnr. & Mej. LNP**
Netbal: 0/10A teen Parsons Hill **14:30 (t)**
Netbal: 0/11A+B teen Parsons Hill **14:30 (w)**
Netbal: 0/9A teen Parsons Hill **14:30 (w)**
Dance Kids ballet graad R: **13:15**

Vr – 17 Mei : Klerewinkel: **07:30-12:00**
Drama graad R – 2: **12:45-13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45-13:45**

SPORT & KULTUUR

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
2 Mei	0/12B	Herbert Hurd	LNP wen 7 – 5
6 Mei	0/12A	Erica	LNP wen 17 – 1
6 Mei	0/13A	Erica	LNP wen 14 – 2
9 Mei	0/9A	Erica	LNP wen 15 – 0 Speelster van die wedstryd: Anri Gouws
9 Mei	0/10A	Erica	LNP wen 16 – 0
9 Mei	0/11A	Erica	LNP wen 3 – 2
9 Mei	0/12C	Summerwood	LNP verloor 12 – 2

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
7 Mei	Senior A	Clarendon A	LNP verloor met 1 pot
7 Mei	Junior A	Mount Pleasant A	LNP wen met 7 potte
7 Mei	Junior B	Charlo	LNP verloor met 10 potte